

RIGLYNE VIR PREDIKING OOR JESAJA 49:1-6

S L Stassen¹

1. VERTALING MET VOETNOTAS

- 1 Luister na my, eilande;
gee aandag, nasies wat ver is!
Jahwe het my geroep van die moederskoot af,
reeds in my moeder se liggaam het Hy my naam genoem.
- 2 Hy het my mond soos 'n skerp swaard gemaak,
in die skaduwee van sy hand my verberg;
en Hy het my 'n skerp pyl gemaak,
in sy pylkoker my weggesteek.
- 3 Hy het vir my gesê: "Jy is my kneg
[Israel]² in wie Ek My verheerlik."
- 4 Maar ek het gesê: "Tevergeefs het ek my vermoei,
my krag vir niks en vrugtelos opgebruik!
Nogtans is my reg by Jahwe,
en my loon by my God."
- 5 En nou sê Jahwe,
wat my van die moederskoot af geformeer het om sy kneg te wees,
om Jakob na Hom terug te bring
sodat Israel by Hom³ versamel kan word
- en ek word geëer in die oë van Jahwe
en my God is my sterkte -

1 Dr SL Stassen, Ned Geref Kerk Universitas-Wes, Scholtzstraat 63, UNIVERSITAS Bloemfontein 9322, en deelydse dosent Dept Ou Testament, UOVs, Posbus 339, BLOEMFONTEIN 9300.

2 *Yr'* pas glad nie in die konteks van vers 1-6 nie. 'n Mens het hier te doen met 'n midrash wat die oorspronklike individuele betekenis van die teks kollektief wou verklaar. Die LXX gee 'n verdere voorbeeld daarvan in Jesaja 42:1, waar die individuele karakter van die dienskneg verander word na die verpersoonliking van "Jakob" en "Israel". Ook by Kennicot 96 ontbreek *yr'* in Jesaja 49:3.

3 Saam met Qa en ander manuskripte moet in vers 5a die Qeré-lesing *lô* ("by Hom") in plaas van die Ketib-lesing *lô'* ("nie") gebruik word.

6. Hy het gesê: "Dit is nie genoeg dat jy my kneg is om die stamme van Jakob op te rig en die gespaardes van Israel terug te bring nie. Ek maak jou tot 'n lig vir die nasies sodat my heil die eindes van die aarde bereik."

2. LITERÊRE KONTEKS

2.1Afbakening en komposisie van die perikoop

Tradisioneel word Jesaja 49:1-6 gegroepeer by die sogenaamde vier Ebed Jahwe-liedere wat deur Duhm geïdentifiseer is.⁴ Volgens hom is hulle nie beduidend vir die verloop van Jesaja 40-55 (ook genoem Deuterokesaja) nie en sou hulle net sowel uitgelaat kon word (Duhm 1902:277). Vandag is daar egter meer en meer konsensus dat hierdie gedeeltes wel deel van die verloop van Jesaja 40-55 is. Ook wat 49:1-6 betref, het Duhm se standpunt nie algemene akklamasie gekry nie. Uit die ontleding van die temas en metafore blyk dit duidelik dat 49:1-13 'n literêre eenheid is. As verder in gedagte gehou word dat 49:1-13 'n tweede proloog naas 40:1-11 is, en as 'n vervolg en antwoord op 40:1-11 funksioneer,⁵ kan 'n mens hier nie anders as om die perikoop as 'n geheel te sien nie (Stassen 1991:178-186).

49:1-13 kan vormkrities in vier eenhede ingedeel word, naamlik vers 1-6, 7, 8-12 en 13. Vers 1-6 handel in die eerste persoon oor die Ebed Jahwe; vers 7 is aan Israel gerig (die boodskap aan Israel); vers 8-12 is weer aan die Ebed Jahwe gerig, maar handel ook in die derde persoon oor Israel. Vers 13 is 'n eskatologiese loflied wat hierdie perikoop afsluit.⁶ Dit is

- 4 Vergelyk 42:1-4, 49:1-6, 50:4-9 (10, 11) en 52:13-53:12. Jesaja 40:6-8 kan ook hierby gevoeg word (vgl Elliger 1978:199-201). Te oordeel aan Elliger se hantering van Jesaja 40:6-8 en 42:1-4 in sy kommentaar op Deuterokesaja (1978) kan 'n mens aflei dat hy in al bogenoemde gedeeltes die profeet as die Ebed Jahwe sou identifiseer. Ongelukkig kon hy nie hierdie kommentaar voor sy afsterwe voltooi nie.
- 5 Vers 13b dien as goeie voorbeeld of demonstrasie van die verband tussen 40:1-11 en 49:1-13. Dieselfde term waarmee Deuterokesaja in 40:1 begin, nach^amû ("troos" - Pi^cel), word in 49:13 as afsluiting gebruik. Daar is 'n belangrike verskil in die gebruik daarvan: In 40:1 word daar nog 'n bevel in die hemelraad uitgevaardig dat Jahwe se volk getroos moet word (Pi^cel impt), terwyl 49:13b nicham in die perfektum gebruik om te sê dat Jahwe sy volk reeds sêlf troos!

opvallend dat daar meer as een persoon/party in hierdie perikoop is wat deur Jahwe aangespreek word. In die eerste drie eenhede (v 1-6, 7, 8-12) haal die profeet vir Jahwe direk aan. In vers 3 en 6 is Jahwe se woorde direk aan die profeet gerig, maar in vers 7 kom daar 'n verrassende wending as Jahwe nie meer direk met die profeet praat nie, maar met Israel, die volk waarna die profeet gestuur word. Dan skielik, vanaf vers 8, praat Jahwe weer met die profeet in die direkte rede - daar word dan slegs in die derde persoon van die volk melding gemaak. Die waarde van hierdie styl lê daarin dat die leser uit meer as een oogpunt 'n goeie perspektief op die profeet se taak en sy boodskap vir die volk Israel kry.

Vir die doeleindes van 'n preek hoef net die eerste deel van hierdie perikoop, 49:1-6, gelees en gepreek te word. Ter wille van die korrekte benadering van 49:1-6 bly dit egter noodsaaklik om die breër verband in gedagte te hou.

2.2 Profetiese roepingsvertelling (49:1-6)

Dit is voor die handliggend dat 'n mens hier met 'n soort biografie te doen het. Dit is 'n "prophetic call narrative in which a prophet seeks to authenticate his claim to speak on God's behalf" (Whybray 1981:136). In Jeremia 1:5 en 10, 'n roepingsberig van die profeet Jeremia, kom soortgelyke terminologie en gedagtes as in Jesaja 49:1-6 voor (vgl hieronder).

3. HISTORIESE KONTEKS

Die Babiloniese ballingskap van die Jode in die sesde eeu vC kan as verwysingsraamwerk van Jesaja 40-55 geneem word. Hierdie tyd is gekenmerk deur drastiese politieke veranderings in die ganse Ou Nabye Ooste, hoofsaaklik te danke aan Kores, die Persiese koning, wat stelselmatig die Babiloniese oorheersing oor die omringende volke verbreek en hulle politieke bevry het. Vir die verstaan van Jesaja 40-55 is dit noodsaaklik om Babel, en nie Jerusalem nie, as die sentrum van die profeet se leefwêreld te aanvaar. Alle verwysings na die nasies as "eilande" en "eindes van die aarde" verwys dus na die horisonne van die Babiloniese wêreld. In vele opsigte was die nasies rondom Babel in dieselfde situasie as Israel, want

6 Vergelyk Westermann (1981:74-80) vir die funksie van die eskatologiese loflied in Jesaja 40-55.

hulle is ook deur die Babiloniërs verdruk en was daarom net so angstig om van hierdie bande bevry te word.

4. EKSEGETIESE AANTEKENINGE

4.1 Wie is die Kneeg van die Here?

Die vraag is nou wie dit is wat hier tot 'n spesifieke taak geroep word. Die kollektiewe interpretasie van die Ebed op grond van vers 3 (*yisra'el*) moet hier afgewys word, omdat Israel nie op 'n sending na Israel kan gaan nie. Verder kan die "ek" in hierdie biografie, grammatikaal gesien, net na 'n enkele persoon verwys.⁷

As die individuele interpretasie van die Ebed hier gehandhaaf word, is daar hoofsaaklik twee moontlikhede, naamlik die koninklike of die profetiese interpretasie. De Leeuw wys daarop dat die aktiwiteit van die Ebed hier beskryf kan word "als een politiek program: 'Jakob terugbrengen, het land heroprachten, de bezitting tot erfdeel geven'" (1956:292). So sou dit die klem op die koninklike karakter van die Ebed laat val. Verder is hy van mening dat die lydensbeskrywing in vers 7 (wat dan in Jes 53 sy klimaks sou bereik) 'n moontlike sinspeling is op die voorbeeld van die Babiloniese koning wat "jaarlijks *ex officio* een ritueel lijden moest ondergaan" (De Leeuw 1956:292). De Leeuw neem egter nie in ag dat vers 7 nie na die Ebed verwys nie, maar na die volk Israel wat deur hierdie Ebed se toedoen opgehef moet word.

Op die ou end bly die profetiese interpretasie die mees aanvaarbare, omdat vers 1-6 baie sterk aan die roeping van Jeremia herinner. Die ooreenkoms tussen Jesaja 49:1b ("van die moederskoot af", *mibbethen*) en Jeremia 1:5 ("in die moederskoot, *babbethen*, vorm") gee waarskynlik 'n aanduiding dat dit die profeet is wat in Jesaja 49:1-6 aan die woord is. Behalwe vir die ooreenkomste met Jeremia (vgl nog verdere verwysings hieronder), toon Jesaja 49:1-6 ook 'n opvallende ooreenkoms met, en aansluiting by Jesaja 40:6-8 wat ook as 'n profetiese roepingsvertelling beskou kan word.⁸

7 Vergelyk verder De Leeuw (1956:283-284) vir die radikale verskille wat daar tussen die Ebed (in die sg Ebed Jahwe-liedere) en Israel bestaan.

8 Jesaja 40:6 kan vertaal word met: "'n Stem sê: 'Kondig (dit) aan!' Maar ek sê: 'Hoe kan ek (dit) aankondig?' Alle vlees is gras en al sy sterkte is soos 'n blom van die veld!'"

In 49:1b-3 word die eerste sending van die profeet (vgl Jes 40:6-8) soos wat hy dit verstaan het, beskryf. In 49:4a kry 'n mens die tipiese moedeloze reaksie van die profeet nadat hy uitgestuur is, omdat hy voel dat hy misluk het (vgl ook Jer 10:19; 20:7 ev). Die vrese wat die profeet reeds in 40:6-7 geopper het, naamlik dat hy in sy prediking gaan misluk, het nou 'n werklikheid geword.

Maar net soos wat die Stem in Jesaja 40:8 die profeet se vrese besweer en hom moed ingespraak het, net so word die profeet se moedeloosheid in Jesaja 49:4 op die agtergrond geskuif. Die profeet vestig nou sy vertroue, ten spyte van sy mislukte pogings, nog steeds op Jahwe wat hom gestuur het (v 4b). Die profeet Jeremia vertel in sy roepingsberigte/biografieë van soortgelyke ervarings as Deuterojesaja, en op die ou end vestig ook hy sy vertroue op Jahwe wat hom sal help in sy taak (vgl Jer 1:19; 20:11).

In Jesaja 49:5-6 kom daar 'n verrassende wending as die profeet 'n tweede opdrag bykry. Eers maak die profeet in vers 5-6a melding van sy vorige opdrag (vgl Jes 40:6-8) wat daarop neerkom dat hy Israel deur sy prediking na Sion moes laat terugkeer, omdat dit Jahwe se blyplek is (vgl ook Jeremia wat as profeet nasies en koninkryke moes "uitruk, omgooi, vernietig, verwoes, opbou, plant" namens Jahwe (1:10), iets soortgelyks as Deuterojesaja wat "die stamme van Jakob moet oprig"). Die wending kom in vers 6b as die profeet nie net na Jahwe se volk moet omsien nie, maar ook moet toesien dat Jahwe se eer onder die nasies "tot aan die eindes van die aarde" versprei word. Reeds in Jesaja 40:5 kom hierdie tema duidelik na vore: "en alle vlees sal (dit) saam sien".

4.2 'n Lig vir die nasies

Dit bly maar 'n ope vraag wat die teologiese agtergrond is van die term: "Ek maak jou (*netattiká*) tot 'n lig vir die nasies (*le'ór góyim*)" (v 6b^A). Orliinsky pleit daarvoor dat dit vanuit die Joodse nasionalisme geïnterpreteer moet word, "in the sense that Israel will dazzle the nations with her God-given triumph and restoration" (1967:97-117). Aan die ander kant is daar byvoorbeeld Westermann wat tot die gevolgtrekking kom dat die lig "illumination and salvation" vir die nasies beteken (1969:100).

Vers 6-8 kan dan deurgaans as 'n soort argument tussen die Stem wat wil hê die profeet moet die goeie boodskap verkondig en die profeet wat nie meer wil glo in so 'n boodskap nie (vgl verder Stassen 1991:178-186 en 1992:24-33).

Op dieselfde bladsy repudieer Westermann De Boer se interpretasie: "a light respected by the nations" (1956:93). As 'n mens die totale boodskap van Jesaja 40-55 in ag neem en 'n teksvers soos Jesaja 45:22 ernstig opneem, kan 'n mens nie anders as om te aanvaar dat Deuterojesaja uiteindelik die nasies se redding ook in gedagte het nie. Uiteraard beteken dit ook dat Jahwe se heerlikheid deur die nasies raakgesien moet word en dat hulle Hom alle eer moet gee.

5. HERMENEUTIESE RIGLYNE

5.1 Israel en die kerk in die profetiese amp

Waarskynlik was die redaksionele invoeging van die naam "Israel" in vers 3 die eerste "preek" oor hierdie gedeelte. Met die invoeging van "Israel" is die profetiese amp herinterpreteer en verbreed tot 'n amp wat deur die volk van God beklee word. Hierdie interpretasie is waarskynlik in die na-ballingskapyd gemaak toe die klein groepie Jode wat die tweede eksodus na Palestina met soveel ywer aangepak het, ontugter is deur hulle omstandighede. Armoede, teistering deur omliggende volkere asook woestynbewoners wat hulle geplunder het, was aan die orde van die dag. 'n Nuwe visie op hulle posisie in die wêreld en op hulle rol en taak in God se koninkryk was noodsaaklik. Die gelowiges kon slegs sin in hulle armoede en teëspoed vind deur self die lydende en dienende kneg van die Here te word. Von Waldow som die teologie van die kneg in Jesaja 40-55 soos volg op: "With this prophetic self-understanding Deutero-

⁹ In die verlede was daar al groot verwarring oor die vraag of Deuterojesaja "universalisties" (ten gunste van die heidennasies) dink en of hy "nasionalisties" (teen die heidennasies) dink. Voorbeelde van die sogenaamde universalistiese gedeeltes is 42:5-9 (veral v 6), 45:22-23 en 49:1-6 (veral v 6). Voorbeelde van die sogenaamde nasionalistiese gedeeltes is 47:1-15 en 49:22-23. Die probleem van die sogenaamde teenstrydighede in Jesaja 40-55 oor hierdie saak kan deels opgelos word deur in gedagte te hou dat Babel nie met die nasies verwar moet word nie. Vir Babel is daar geen genade nie. Bogenoemde nasionalistiese gedeeltes verwys waarskynlik na Babel wat haarself as God se teenstander aangestel het. Ander gedeeltes wat die nasies in 'n negatiewe lig stel, doen dit in die konteks waar hulle afgodsdienis veroordeel word. 'n Voorbeeld daarvan is 41:1-7, waar die heidene in 'n veronderstelde hofsak as die afgode se getuies optree om teen Jahwe te getuig. So verklaar hulle hulself as Jahwe se teenstanders. As Jahwe egter sy sin kry, sal hulle hul heil by Hom kom soek (vgl verder Stassen 1992:49-58, 252-257).

Isaiah was seen as symbolizing the role of Israel in her mission to the gentile nations. The suffering of this prophet became a symbol for the suffering of the people of God in the world. This is the way the compiler of the book of Deutero-Isaiah wanted these songs to be understood" (1981:359).

Vir die kerk vandag is 'n soortgelyke interpretasie moontlik. Daar is kerke wat 'n voorspoedkultus aanhang waar God as 'n soort "gelukbringer" aanbid en gemanipuleer word. Dit herinner baie aan ou heidense godsdienste waar afgode aan mense hulle voorspoed verseker. As teenvoeter vir hierdie heidense ingesteldheid behoort die kerk doelbewus daarna te streef om Christenskap gelyk te stel aan knegskap en lyding in hierdie wêreld. Die lydende gelowiges het as kerk dan enersyds die taak om afgedwaalde lidmate terug te bring na die gemeenskap van die gelowiges (49:5), en andersyds om uit te reik na ongelowiges wat nog heel vreemd daarbuite staan (49:6). Hierdie taak gaan gepaard met opofferings wat gelowiges meermale op moedverloor se vlakke laat beland. Sulke ervarings behoort egter nie 'n bedreiging vir die kerk te wees nie, maar moet eerder as deel van die opregte gelowige se lewe aanvaar word.

5.2 Christus, die Christen en die profetiese amp

Die Nuwe Testament verwys meermale na Christus as hierdie kneg van die Here. Hoewel Jesaja 49:1-6 nie spesifiek aangehaal word nie, kan aanvaar word dat dieselfde kneg in gedagte is as Jesaja 42:1-4 byvoorbeeld in Matteus 12:17-21 aangehaal en op Christus van toepassing gemaak word. Dieselfde interpretasie vind plaas as Jesaja 52:13-53:12 in Lukas 22:37 en Handeling 8:32-35 aangehaal en op Christus van toepassing gemaak word.

Vir die kerk het die Nuwe Testamentiese interpretasie belangrike implikasies. Wanneer die Ebed Jahwe-liedere in Jesaja 40-55 bloot as voorspellings van Christus gesien word, verloor ons egter baie van die diepte wat in hierdie teologie opgesluit lê. Dit is belangrik om te besef dat dit nie slegs Christus is waarna hier verwys word nie, maar onder andere ook na Christus. Waar hierdie liedere op 'n poëtiese wyse waarskynlik na die lydendrol van die profeet of profete-amp in ballingskap verwys,¹⁰ identifiseer Christus Homself ten volle met die rol wat hierdie kneg

10 Vergelyk Smith (1944:74), Gitay (1981:188) en Stassen (1996:100-101) hieroor.

vervul. Net soos wat die profeet se lydenspad, soos wat hy die goeie nuus aan die ballinge en ander heidene verkondig het, al intenser geword het totdat hy sy lewe moes aflê,¹¹ so het Christus dieselfde pad geloop en aan ons gedemonstreer wat die roeping van 'n kneg van die Here behels.

Die fout wat gelowiges gerieflikheidshalwe kan maak, is om die plaasvervangende funksie van Christus se lyding in so 'n mate oor te beklemtoon dat die gelowige se plig om Christus na te volg, onderbeklemtoon word. Hierdie gevaar kan teengewerk word as die Knegliedere in Jesaja 40-55 nie as voorspellings van Christus se lyding gesien word nie, maar as die tipiese lyding van enige kneg van die Here. As 'n mens dan aanvaar dat Christus Homself op hierdie wyse met die kneg identifiseer, as 'n soort bevestiging van wat Deuterokesaja probeer sê, is dit moontlik dat elke Christen in navolging van Christus homself ook met hierdie liedere kan identifiseer.

6. VOORSTEL VIR 'N PREEK OOR JESAJA 49:1-6

My preekvoorstel hieronder word gebaseer op 'n kombinasie van die riglyne soos in 5.1 en 5.2 hierbo uiteengesit. As opsomming van die boodskap kan die volgende dien: **ONS IS SAAM MET CHRISTUS OOK KNEGTE VAN DIE HERE**. Skrifgedeeltes wat saam met Jesaja 49:1-6 gebruik kan word, is Johannes 14:12-14 en 1 Petrus 2:19-21.

'n Mens kan die preek begin met die stelling dat gelowiges hulle só blind staar teen Christus se plaasvervangende lyding dat hulle nooit daaraan dink dat ons self geroep is om soos Christus te ly nie. Daar kan met voorbeelde verduidelik word hoedat Christene vandag gemaksugtig geword het deur Christus bloot as 'n "good luck charm" aan te hou. 1Petrus 2:19-21 kan as ideaal vir Christene aan die gemeente voorgelees

11 In 40:6-8 word die profeet beveel om te preek, maar hy betwyfel die integriteit van sy eie boodskap. Nogtans word hy aangemoedig om die boodskap te bring. In 42:1-4 word hy voorgestel as die nederige dienskneg wat God se reg na die nasies toe bring. In 49:1-6 word die profeet moedeloos met sy taak, maar Jahwe bekragtig sy aanstelling en beklemtoon dat hy nie net Israel nie, maar ook die heidene met sy boodskap moet bereik. In 50:4-11 ervaar hy almeer dat sy landgenote hom verwerp en vervolg. In 52:13-53:12 eindig die profeet se lyding met 'n roulied deur sy landgenote wat in retrospeksie besef watter belangrike rol hy gespeel het.

word. Daar word dit prontuit gesê dat ons geroep is om soos Christus te ly. So 'n oproep uit die Bybel word eger nie positief ontvang by hedendaagse gelowiges wat verloor het hoe om te ly nie. In 'n kerk waar kitsbevrediging die norm geword het en waar die verbruikersmentaliteit tipies van ons ingesteldheid is, is dit onverstaanbaar hoedat dit "genade van God" (1 Pet 2:20) kan wees om lyding te verdra. Dit is vir die moderne gelowiges 'n krisis as hulle met hierdie realiteit van die Bybel gekonfronteer word, omdat in die gemoed van vele die gedagte leef dat Christus reeds vir ons gely en gesterf het en dat ons daarom van alle lyding vrygeskeld moet word.

In die tweede deel van die preek kan die lyn na Jesaja 40-55 getrek word deur daarop te wys dat die Joodse gemeente dieselfde met die diensknegte van die Here, die profete, gedoen het. Dit was vir die gemeente destyds ook gerieflik dat hierdie diensknegte al die lyding moes dra sodat die gemeente sorgeloos en ongestoord hulle gang kon gaan. Jesaja 40:6-8, 42:1-4, 49:1-6, 50:4-11 en 52:13-53:12 kan dan dien as illustrasie om die profeet se eensame lydenspad ter wille van die goeie nuus aan die ballinge en die heidennasies te verduidelik (vgl voetnoot 11 hierbo).

In die derde deel van die preek kan die klem verskuif na die kerk van ouds se besluit om die woord "Israel" in Jesaja 49:3 in te voeg om sodoende gemeentelêde in die na-ballingskapse verdrukking aan te moedig om "hulle kruis te dra" ter wille van God se koninkryk. Dit is belangrik om die historiese situasie van die na-ballingskapyd te verduidelik as 'n tyd toe die kerk van die Ou Testament baie gely het (vgl voetnoot 2 en punt 5.1 hierbo). Die kerk kon eers sin in sy lyding vind toe hy besef het dat dit 'n dienskneg van die Here se roeping en voorreg is om onregverdiglik te ly.

Die preek kan goed afgesluit word met die stelling dat die kerk van ouds eintlik alreeds 'n Nuwe Testamentiese perspektief gehad het toe hy in Jesaja 49:3 eie verantwoordelikheid as 'n lydende kneg van die Here aanvaar het. Hierdie stelling kan goed begrond word in die woorde van Christus self in Johannes 14:12: "Wie in My glo, sal ook die dinge doen wat Ek doen; en hy sal nog groter dinge as dit doen, omdat Ek na die Vader toe gaan". Ons hoef nie bang te wees vir die uitdaging wat Christus aan ons stel nie, want Hy verseker ons van sy persoonlike bystand in die

uitvoering van hierdie taak: "As julle My iets in My Naam vra, sal Ek dit doen" (Joh 14:14).

Bibliografie

- ANDERSON G W, P A H DE BOER, G R CASTELLINO, H CAZELLES,
E HAMMERSHAIMB, H G MAY & W ZIMMERLI (Reds)
1967. *Studies on the Second Part of the Book of Isaiah*. SVT 14. Leiden:
E J Brill.
- DE BOER P A H
1956. *Second Isaiah's Message*. Oudtestamentische Studien XI. Leiden: EJ
Brill.
- DUHM D B
1902. *Das Buch Jesaja: übersetzt und erklärt. Handkommentar zum Alten
Testament*. Tweede uitgawe. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
- ELLIGER K
1978. *Deuterocesaja 40,1-45,7. Biblischer Kommentar Altes Testament XI/1*.
Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag.
- GITAY Y
1981. *Prophecy and Persuasion. A Study of Isaiah 40-48*. Forum Theologiae
Linguisticae 14. Bonn: Linguistica Biblica Bonn.
- HADIDIAN D Y (Red)
1981. *Intergerini Parietis Septum (Eph 2:14). Essays presented to Markus
Barth on his sixty-fifth birthday*. Pittsburgh Theological Monograph Series
33. Pittsburgh, Pennsylvania: The Pickwick Press.
- ORLINSKY H M
1967. The so-called "Servant of the Lord" and "Suffering Servant" in Second
Isaiah, in Anderson, De Boer, Castellino, Cazelles, Hammershaimb, May &
Zimmerli 1967:1-133.
- SMITH S
1944. *Isaiah Chapters XL-LV. Literary Criticism and History*. The Schweich
Lectures of the British Academy, 1940. London: Oxford University Press.
- STASSEN S L
1991. *Jesaja 40:1-11 en 49:1-13 as belangrike struktuur-merkers in die kom-
posisie van Jesaja 40-55*, Ned Geref Teologiese Tydskrif 32:178-186.

1992. Die rol van die nasies in Jesaja 40-48: 'n vormkritiese en semantiese studie. D Litt proefskrif. Stellenbosch.

1996. Jesaja 45:9-13: 'n Disputasie van JAHWE teen Israel of van JAHWE teen die Heidennasies? Acta Theologica 16(1):87-106.

VON WALDOW H E

1981. The Servant of the Lord, Israel, the Jews and the People of God, in Hadidian 1981:355-369.

WESTERMANN C

1969. Isaiah 40-66. Vertaal deur DMG Stalker uit Das Buch Jesaja (Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht) 1966. The Old Testament Library. London: S C M Press Ltd.

1981. Sprache und Struktur der Prophetie Deuterojesajas. Tweede uitgawe (eerste uitgawe 1964). Stuttgart: Calwer Verlag.

WHYBRAY R N

1981. Isaiah 40-66. NCEB. Tweede uitgawe (eerste uitgawe 1975). Grand Rapids: Eerdmans. London: Marshall, Morgan & Scott.